




Excelsus Oorsig



Excelsus Landgoed

Excelsus Landgoed bestaan uit die volgende inkomste pilaire:

- o Eiendomsontwikkeling – Riviera Agri Leefstyl ontwikkeling
- o Simbra Stoet van 250 vroulike diere
- o Bonsmara Stoet van 250 vroulike diere

In hierdie weergawe

<i>Eiendom</i>	2
<i>Excelsus Weidings</i>	2
<i>Stoet Boerdery</i>	3
<i>Simbra Stoetery</i>	4
<i>Bonsmara Stoetery</i>	5
<i>Finansiële Bestuur</i>	6
<i>Risikobestuur</i>	7
<i>Strategie</i>	8
<i>Samevatting</i>	10

Excelsus Genetika

Volume 12

Excelsus Oorsig



waarna Excelsus Landgoed (Edms) Bpk in 1998 en Grain Logistics (Edms) Bpk in 2001 gestig is.

Hierdie groep graanmaatskappye is aktief betrokke in die graanverhandelingsketting en hanteer ongeveer 12% per jaar van alle Suid-Afrikaanse graanprodukte. Direkte

Na 'n loopbaan van ses jaar by onderskeidelik Bayer Agro Chem en Sasol Kunsmis is die Graanverhandelingsmaatskappy, Unigrain (Edms) Bpk in 1989 begin.

Aanvanklik is slegs sorghum verhandel, mielies het in 1994 gevolg en koring twee jaar later. Grain Carriers (Edms) Bpk, 'n Vervoermaatskappy, het in 1994 tot stand gekom,

te werkverskaffing word gedoen aan ongeveer 350 permanente personeellede. Indirekte werkverskaffing word gedoen aan 'n verdere 300 permanente personeellede.

n Lewenslange passie het gestalte gekry met die stigting van Excelsus Landgoed.

'n Lewenslange passie het gestalte gekry met die stigting van Excelsus Landgoed. Die passie om strategies in eiendom te belê, dit te ontwikkel en om in vleisproduksie betrokke te wees, het begin met die aankoop van die eerste plaas, Riviera aan die Vaaldam in die distrik Heilbron in 1993.

Excelsus Landgoed bestaan tans uit 10 plase wat 2320 ha beslaan. Die eiendomme is uiters geskik vir weidingsdoeleindes.

Die gemiddelde reënval is 600 mm met 'n bo of onder normale afwyking van gemiddeld 150 mm per jaar. Die temperature wissel tussen -9° in die winter en 32° in die somer.

Die grond tipe is hoofsaaklik swaar klei Rensburg of Arcadia tipes met marginale akkerbou potensiaal.

Die eiendomme is deel van die Grasveld gebied wat op die hoë sentrale plato van Suid-Afrika

gevind word. Weidings bestaan uit Rooigras, Smutsvinger en Erogrostis weidings.

Die Excelsus belegging in landbou word as volg verdeel en bestuur:

- Eiendom
- Weiding
- Stoet Boerdery
- Simbra Stoet Boerdery
- Bonsmara Stoet Boerdery

Eiendom



Die volgende strategieë en praktyke word gevolg om die eiendoms waarde te ontsluit : -

Alle Excelsus eiendom het soos alle ander landbou eiendom 'n mark waarde vir kommersiële landbou gebruik. Daar bestaan 'n geleentheid om die landbou waarde te verhoog deur gedeeltes van die eiendom te soneer na residensie eiendom. Hierdie alternatiewe aanwending versprei risiko buite die landbousektor. Om hierdie geleentheid te benut is die volgende gedoen:

Excelsus is in 'n gevorderde stadium om 'n hoë sekuriteit Agri Leefstyl ontwikkeling te doen.

Optimale benutting word gemaak van die ligging (1 uur 30 min vanaf Gauteng), gevestigde weidings en 'n damfront van 13km. Leefstyl vir eienaars word gefokus op: -

- Watersport
- Voël lewe
- Vleiland ekosisteme
- Bees- en perdeboerderye
- Wild Boerdery (om ontwikkel te word).

Fase een bestaan uit 69 rivierfront erwe van drie tot vier ha gevolg deur fase twee van 32 erwe en 'n finale fase van 24 erwe.

Hierdie ontwikkelings behoort die huidige landbou eiendoms waarde drie keer te verhoog oor 'n periode van sewe jaar.



Excelsus Weidings

Weiding is die belangrikste kommoditeit wat op Excelsus geproduseer word.

Die Excelsus weidings bestaan uit: -Rooigras weiding 1152 ha

Smutsvinger aangeplante weiding 748 ha

Erogrostis aangeplante weiding 420 ha

Totaal 2320ha

Weiding is die belangrikste kommoditeit wat op Excelsus geproduseer word. Excelsus beskik oor geen graanreste nie en elke hektaar weiding moet met die grootste sorg beskerm, bestuur en benut word.

Met die aankoop van eiendom word onmiddellik begin met die vestiging van weidings op bestaande lande. Meerjarige Silk word in een meter rye gevestig. Die jaar na Silk gevestig is, word Smutsvinger gras tussen die rye

gevestig met die trekkerwiel plant metode. Die Silk verskaf vanaf jaar een weiding waarna die Smutsvinger in jaar drie en vier oorneem, aangesien die Silk dan die einde van sy meerjarige lewe bereik.

Erogrostis word ook in 'n mengsel met tef gevestig.

Bemesting word op 'n selektiewe basis op aangeplante weidings gedoen. Die Erogrostis lande word in die vroeë lente na die eerste somer reëns bewei. Daarna word die Erogrostis toegelaat om uit te groei tot by blom, waarna dit gesny en gebaal word. Die Smutsvinger lande word in die vroeë somer tot Januarie bewei en daarna toegelaat om uit te groei vir benutting in die laat winter. Die rooigras

weidings word twee opeenvolgende jare benut in die somer. In jaar drie word die rooigras geleentheid gegee om vir 'n volle somer te rus en saad te skiet, waarna dit in daardie winter benut word.



Infrastruktuur:

Die Excelsus infrastruktuur wat in 'n ontwikkelingsproses is, word as die tweede prioriteit ná weidingsvestiging geag. Infrastruktuur is 'n kern weidings bestuurskomponent

Infrastruktuurskomponente soos watervoorsiening, opgaardamme, heinings en veehanteringsfasiliteite word beplan en gedoen om by te dra tot die optimale produksie en benutting van die weiding en die kuddes, sowel as komplimentering van die Agri Leef-

styl ontwikkeling wat in die vooruitsig gestel word.

'n Eie unieke permanente elektriese heiningstelsel is ontwikkel wat 'n langer lewe het, minder onderhoud verg, netjiese voorkoms het en goedkooper is om op te rig as konvensionele heinings. Hierdie heinings het die verdere voordeel dat drukkweiding en verhoogde weidingsbenutting gedoen kan word met tydelike elektriese heinings wat kampte kan verklein.



Stoet Boerdery

Weidings moet in geld omskep word. Aanvanklik is slegs met kommersiële beeste geboer. Om waarde toe te voeg is 'n voerkraal, slagpale en vleisverwerkingsaanleg ondersoek. Diversifisering is positief mits dit nie onbekende risiko's aantrek nie of bedryfsfokus skuif nie. Aangesien 'n voerkraal, slagpale of verwerkingsaanleg nie binne die Excelsus toekomsvisie gepas het nie, is besluit om 'n ander rigting van

waardetoevoeging en ontsluiting te ondersoek. Die keuse het geval op 'n beesstoet boerdery.

Die Excelsus Visie is om maksimaal saam met die natuur te boer. Hierdie visie het voordele, maar ook beperkinge en risiko's aangesien die boerdery blootgestel is aan die onvoorspelbaarheid van die natuurlike elemente. Finansiële projeksies het aangetoon dat die Excelsus eksten-

siewe veeproduksie omgewing (drakrag) en winsdoelwit optimaal funksioneer met 500 vroulike diere wat by die bul gebring word om 80 tot 100 bulle en 150 vroulike diere te produseer vir die kommersiële of stoet telers. 'n Verdere 150 tot 200 diere sal hul pad vind na die voerkrale of as slagdiere bemark word.

Die volgende stappe is gevolg om die stoetboerdery te vestig

Die Excelsus Infrastruktuur wat in 'n ontwikkelingsproses is, word as die tweede prioriteit ná weidingsvestiging geag.

Analiserings van verskillende rasse wat by die unieke Excelsus boerdery omgewing en bestuursstelsel inpas.

Ontleding van die markbehoefte en potensiaal.

Stel 'n besigheidplan op.

Implimentering van die besigheidplan

Na aanleiding van stap een is vasgestel dat 'n sintetiese vleisras die antwoord vir die hedendaag-

se vleisproducent is. Die keuse het op die Simbra en Bonsmara rasse geval.

Stap twee het gewys dat die stoet en kommersiële mark op soek is na goed aangepaste teelmateriaal wat gehard is en wat aangekoop word by telers met integriteit. Die mark het gewys dat hy aanvanklik diere teen 'n afslag wil bekom, maar sodra die handelsmerk gevestig is, word 'n premie betaal vir beproefde kwaliteit.

Twee rasse naamlik die Simbra en Bonsmara is gebruik om te diversifiseer sonder om die kern fokus van die basiese beginsels van stoetteling te verander. Vir ekonomiese volhoubaarheid van die boerdery moet tagtig tot honderd bulle per jaar bemark word. Uit 'n risiko oogpunt is dit veel makliker om veertig tot vyftig bulle per jaar van 'n ras te bemark as tagtig tot honderd.





Simbra Stoet Boerdery

Daar is op die Simbra ras besluit omdat die kruising bekend is vir sy ekonomiese waarde as moederlyn, speenkalf produseerder en voerkraal bees. Die idee om 'n nuwe ras te teel was 'n wonderlike uitdaging. Die Simbra stoet is in 1996 begin met Simmentaler koeie uit die bekende kudde van Lemmer Wiid.

KI is gedoen met van die beste Manso en Rooi Brahman bulle wat bekom kon word. Die uitkoop van 'n verdere twee Simbra kuddes het gehelp om 'n groter genetiese variasie te verkry. Die

groter hoeveelheid koeie kon ook die seleksie proses versnel.

Suid-Afrikaanse genetika asook genetika uit Namibië en die VSA word deurentyd geïdentifiseer om geneties te vorder en basterkrag te onderhou. KI word op minstens 'n derde van die kudde toegepas. Die ideaal sou 50% wees, maar a.g.v. die ekstensiewe aard van die boerdery is dit nie moontlik nie. KI het wel 'n verlenging van TKP tot gevolg, maar die genetiese impak en vordering het groter waarde.

'n Samewerkingsooreenkoms

bestaan tussen Excelsus en die Amerikaanse Simbra stoet Pine Ridge Ranch (PRR). In hierdie kudde word vir die afgelope 34 jaar 'n aggressiewe embrio program gevolg en seleksie vind plaas vir moeder eienskappe, meerderwaardige karkas eienskappe, fenotipe, kenmerkende rooi bees met 'n wit bles en die poenskop eienskap.

Excelsus verkry jaarliks semen van PRR se beste jong bulle. Hierdie geleentheid gee aan Excelsus toegang tot bogenoemde eienskappe op die mees koste effektiewe manier.

Seleksie word verder gefokus op vrugbaarheid, aanpasbaarheid, kalwingsgemak, moeder eienskappe, strukturele korrektheid, bespierung en goeie groei.

Seleksie word verder gefokus op vrugbaarheid, aanpasbaarheid, kalwingsgemak, moeder eienskappe, strukturele korrektheid, bespierung en goeie groei.

Jaarliks word die top 10 veertien maande oue bulle geïdentifiseer. Ongeveer vyf van hulle sal in die volgende dekseisoen gebruik word. Hierdie gebruik verseker dat die genetiese intervalle verkort word sodat genetiese vordering bespoedig kan word. 'n Verdere voordeel is dat 'n

uitstaande jong bul op vierjarige ouderdom reeds 34 tot 40 kalwers sal hê met 'n verdere 20 tot 40 Koeie wat dragtig sal wees. Hierdie bul kan dan op 'n jong ouderdom as 'n beproefde kudde vaar bemark word.

KI, beproefde stoetbulle en die jong bul program, tesame met 'n streng seleksie program sal sorg dat die kudde profiel in die bestek van sewe jaar 80% vordering sal toon vir die ekonomiese waardetoevoegings eienskappe.

Die Excelsus kudde is 14 jaar gelede met twee suiwer ouer rasse begin. Vandag is die genetiese vordering sigbaar aangesien die kudde reeds identiteit het. Die toekoms is steeds 'n opwindende uitdaging met die ondersteuning van die Simbra Genootskap.

Die feit dat Excelsus tans een van die ouer Simbra stoeterie is, maak dit makliker 'n handelsnaam te vestig



Bonsmara Stoet Boerdery

Die Bonsmara ras is begin a.g.v. sy wonderlike ekonomiese eienskappe en aangepastheid in die omgewing. Die ras is van die gewildste beersrasse in Suid-Afrika. 'n Verdere voordeel is die wetenskaplike basis waarop die ras ontwikkel is en die dissipline wat deur die Bonsmara Genootskap toegepas word. Die grootste uitdaging vir die Excelsus Bonsmara kudde is om 'n handelsmerk op te bou in 'n omgewing waar gevestigde telers

met uitstaande handelsmerke die mark domineer. Die bestuur moes 'n keuse maak oor die roete wat gevolg moes word om die kudde te vestig: om 'n groot kapitaal investering te doen asook om die regte genetika aan te koop om daardeur jare se teling vinniger te bekom.

om koeie strategieë te koop en om die lang pad van teling sonder bekende name te stap.

Die laasgenoemde roete word

gevolg aangesien dit die laagste risiko en wins Die Excelsus Bonsmara kudde bestaan uit 200 stoet vroulike diere en 50 basis diere wat in 'n opgraderingsprogram is.

Die basis van die kudde bestaan uit die Leo Gromer Kudde wat gekoop is in 2000. Leo Gromer het, terwyl hy herstel het nadat kanker by hom gediagnoseer is, met 'n Bonsmara kudde begin as afleiding vir sy siekte. Hy het top veilings besoek en van die beste geneti-



ka opgekoop. Die aankoop van hierdie kudde het aan Excelsus 'n groot genetiese voorsprong en variasie gegee. Strategieë aankope is ook gedoen op kudde uitverkopings. 'n Groot inspuiting was die beskikbaarstelling van 'n aantal beproefde teelkoeie uit die Ruthlands kudde van Kitt Thompson.

Uitstekend beproefde stoetbulle wat oor die profiel van die tipiese Excelsus Bonsmara beskik, word tans gebruik. Die huidige doelwit is om die kudde 'n Excelsus identiteit te gee. 'n Verdere doelwit is om die SP koeiegetalle op te bou tot 'n vlak waar streng seleksie kan plaasvind. Excelsus beskik oor 'n basis Bonsmara kudde wat gebruik sal word om onafhank-

like bloedlyne en eienskappe soos poenskop vas te teel. Dit is opwindend om hierdie opgraderings kudde te gebruik om uniekheid na die Excelsus kudde te bring.

Die Bonsmara rasis begin a.g.v. sy wonderlike ekonomiese eienskappe en aangepastheid in die omgewing.



Finansiële Bestuur



Finansiële bestuur vorm die middelpunt van alle Excelsus bedrywighede.

Die finansiële bestuur bestaan uit: Inkomstebegroting

Kostebegroting

Wins doelwit

Kontantvloei projekties

Voordat 'n finansiële jaar in aanvang neem, word 'n detail maand tot maand inkomstebegroting vir 'n periode van 12 maande gedoen. 'n Verdere 3

jaar inkomste projeksie word dan ook gedoen.

Die grootste drywer van hierdie inkomstebegroting is die aantal bemerkbare diere. Die bemerkingsstrategie word saam met die inkomstebegroting gefinaliseer en om die inkomstebegroting te laat realiseer is dit belangrik om volhoubare bemerkingsisteme te hê wat optimale volhoubare inkomste verseker.

Volgende word die kostebe-

groting gedoen. Die grootste drywer hier is die aantal vroulike diere wat gebruik word om die aantal kalwers te produseer wat oor 'n 3 jaar periode bemerk word as bv. speenkalwers, slagdiere of teel diere. Die belangrikste doelwit is om die meeste kalwers uit die minste koeie te produseer. Om in hierdie doelwit te slaag, moet die effektiwste weidingproduksie bemestingspraktyke, doseringsprogramme, lekprogramme ens. moet gevolg word.

Finansiële bestuur vorm die middelpunt van alle Excelsus bedrywighede.

Dit alles kom teen 'n koste en daardie koste moet in detail ontleed en begroot word. Alle ander projekte moet ook in detail begroot word en indien die inkomstebegroting of kontantvloei dit toelaat en indien dit die wins of batewaarde positief beïnvloed, nou of in die toekoms, word dit goedgekeur.

Maandelikse kontantvloei word ook op 'n maand tot maand basis gedoen vir 'n periode van 12 maande met 'n verdere 3 jaar vooruit projeksie. Die kontantvloei begroting is die "Polisieman" van die begroting en wys duidelik uit dat kostes oorskry of bespaar is, dat verkoopsdiere die pryse behaal het soos beplan in die maand wat dit beplan is. 'n

Lae kalf persentasie sal binne 'n 3 jaar periode deur die kontantvloei uitgewys word.

Nadat hierdie begroting en bedryfstrategie goedgekeur is, word dit maandeliks gemonitor.



Bemaking

Bemaking word gedoen deur middel van 'n jaarlikse Simbra Produksieveiling vir manlike en vroulike diere.

'n Uit-die-hand verkoping word vir Simbra vroulike diere gedoen.

In die proses om 'n handelsmerk te vestig, word die Bonsmara bulle en vroulike diere slegs uit die hand vanaf die plaas verkoop. 'n Unieke Excelsus plaas bemakingsmetode word gevolg.

Excelsus noem dit sy "Boerpot Veiling". Veilingsdiere word voorberei asof vir 'n veiling. Keuring vind plaas soos vir 'n veiling. 'n Katalogus word opgestel en advertering begin daarna. Veilingsdiere word in prysgroepe verdeel. Kopers kan dan vir 'n produk van 20 kalender dae op 'n "first come first serve" basis bulle kom uitsoek en koop. Hierdie is 'n uitstekende geleentheid vir kopers om tyd saam met die

Excelsus span te spandeer. Die koper het die geleentheid om sonder die druk van 'n veiling besluite op sy eie tyd te neem. Die bemakingskombinasie van 'n veiling en die op die plaas "Boerpot Veiling" behoort die meeste voornemende kopers tevrede te stel en te akkommodeer.



Risikobestuur

Inkomste diversifisering

Inkomste word gediversifiseer deur die boerdery inkomste mandjie te verdeel in: -

- Teel bulle aan die:
 - Stoet mark
 - Kommersiële mark
- Vroulike teeldiere aan die;
 - Stoet mark
 - Kommersiële mark
- Speenkalf verkope van uitskot speenkalwers
- Slagbees verkope van die uitskot teelkoeie, verse of

Weidings beskikbaarheid word bestuur d.m.v. 'n voer-vloei program. In hierdie program word die aantal GVE kwartaalliks bepaal. 'n Projeksie van die verwagte weidingbehoefte vir die volgende kwartaal word dan gedoen. Vee getalle en die weidingbehoefte word dan dienoreenkomsstig bestuur.

'n Brandbestriddingsprogram word gevolg om brandrisiko te beperk. Graanpryskommende word bestuur deur die Excelsus jaarlikse graanverbruik te verskans.

Streng immuniseringsprogramme

word gevolg om optimale diere produksie te verseker en vrektes te voorkom.

Kontantvloei koste en inkomste risiko's word streng binne die jaarlikse begroting bestuur deur:

Kostebegroting akkuraat te doen en uitgawes binne begroting te hou.

Inkomste begrotings word realisties gedoen.

Kontantvloei word beheer deur inkomste en kostes te realiseer in die maand waarin dit spesifiek begroot word.



Vordering/Suksesse

Eiendom

Eiendom is sedert 1993 aangekoop oor 'n periode van twaalf jaar. Die aankoopprogram is weens strategiese redes in 2005 gestaak. Die belegging toon 'n waarde styging tot op hede van 600%. Die selektiewe aankoopprogram het tot gevolg dat eiendom aaneenlopend oor 'n 13 km damfront beskik.

Weidings

- Ou lande is feitlik ten volle omgeskakel na produktiewe weidings.
- Drakrag is verhoog vanaf 6 ha per GVE na 3 ha per GVE

Bees Stoet Boerdery

- SA rekord vir die duurste Simbra bul – R200 000,00
- SA rekord vir duurste Simbra semen – R2 000 per strooitjie
- Verskeie Streek Skou Kampioene.
- Klasweners op Nasionale skou Kampioenskappe.
- Twee reserwe vleisræs kampioenskappe.
- Wenner van enkel karkas kampioenskap op Pretoria Skou.
- Toekenning Simbra teelwaardes.
- Toekenning 2de Simbra kudde van die jaar.
- Eerste boerdery om d.m.v. selfoon tegnologie bestuursdata van elke stoet dier in die kudde op 'n selfoon vas te lê vir bestuursgebruik.
- Unieke Excelsus "Boerpot" Veiling

Ou lande is feitlik ten volle omgeskakel na produktiewe weidings

Drakrag is verhoog vanaf 6 ha per GVE na 3 ha per GVE



Strategie



'n Langtermyn en medium termyn strategie is opgestel om Excelsus Stoetboerdery ekonomies volhoubaar die toekoms in te neem.

Die volgende aspekte word in hierdie strategie aangespreek: -

Wat is die verwagting van die Excelsus kliënte met betrekking tot.: -

- Belangrike genetiese eienskappe
- Prysverwagting van teelmateriaal
- Diensvlakke



Waar staan Excelsus ten opsigte van bogenoemde?

Wat moet in plek gestel word om kliëntverwagting te bevredig of te oortref?

Kliënt databasis word ontleed t.o.v.

- Herhaalde aankope;
- Aankoop intervalle;
- Aankoop volumes;
- Terugvoer oor prestasie van teelmateriaal aangekoop.
- Bemerkingsplan word ge-evalueer.
- Blootstelling op skoue, uitstallings en media word ge-evalueer en aangepas indien nodig.
- Elke veiling word in detail ontleed en herbeplan.
- Prysdrywers wat bees pryse beïnvloed word geïdentifiseer en ontleed soos bv.: -
 - Graanpryse plaaslik en internasionaal
 - Weervoorsigte
 - Vleispryse van Speenkalwers
 - Karkas pryse plaaslik en internasionaal
 - Stand van ekonomie – plaaslik en internasionaal
 - Wisselkoers
 - Verbruikers vertroue, inflasie en besteding word oorweeg
 - Voerkraal voorkeure en verbruikers tendense word na gekyk

n Langtermyn en medium termyn strategie is opgestel om Excelsus Stoetboerdery ekonomies volhoubaar die toekoms in te neem.



Samewerkingsooreenkomste om genetika te bekom of te bemark, word met verskeie rolspelers beding – plaaslik of internasionaal. Hierdie ooreenkomste skep weer geleenthede om die kudde geneties uniek te maak of om wenslike ekonomiese eienskappe vinniger in die kudde in te teel.



Strategie

'n Weidings en voer-vloei strategie word ook saamgestel wat die volgende aanspreek: -

- Weiding beskikbaarheid
- Strategiese bemestingsprogram
- Strategiese hooi program
- Gebruik van molasse bespuiting op droë winter weidings.

Alle bedryfspraktyke word jaarliks ge-evalueer soos: -

- Inentingsprogram
- Lek program
- Dek tye
 - Koeie
 - Verse
- KI Program
- Instandhouding
- Vervangings program van toerusting

Personeel word mededingend vergoed deur 'n vaste vergoedingspakket en bonus struktuur. 'n Lae personeel omset word ervaar. Personeel word medies versorg. Versekeringspakkette word verskaf wat finansiële bystand bied in tye van dood. Die personeel word gereeld as span beloon, indien die boerdery presteer op bv. Skoue en Veilings. Trofees word gedeel met almal sodat eienaarskap en verantwoordelikhede ontwikkel word. Personeel word instaat gestel om behuising te bekom in die naburige dorp.

Personeel ondergaan opleidingsprogramme soos bv.

- KI Kursusse
- Bees Beoordelaars Kursusse
- Vleisbees hantering
- Meganiese instandhouding.
- Draadspan kursusse



*n Weidings en
voer-vloei
strategie word
ook saamgestel*





Jou sleutel tot Internasionale Genetika

Graeme Currin, die Excelsus Landgoed Bestuurder, word bemaagtig om Excelsus aktief te verteenwoordig op die volgende forums: -

- o Vrystaatse PRO;
- o Overvaal Simbra / Simmentaler Bees Studiegroep
- o Vrystaatse Bonsmara Klub
- o Oranjeville Boerevereniging

Excelsus Genetics

Roodepoortjie Farm

P.O Box 60

Oranjeville

1995

Om kennis te bekom en verhoudings te bou, word daar jaarliks besoeke gebring aan toonaangewende stoeterie van beide Simbra en Bonsmara rasse. Kuddes van kliënte word besoek om die prestasie van diere wat uit die Excelsus kudde aangekoop is te evalueer en om aanbevelings te doen.

'n Jaarlikse RPO dag sowel as beoordeelaar kursusse word op Excelsus landgoed aangebied. Hierdie kursusse en boeredae skep die geleentheid om kennis en ervaring uit te ruil met mede boere en om ras promosie te doen.

Samevatting


Die bestuur van Excelsus Landgoed poog deurentyd om dinamies te wees en nuwe sakegeleenthede binne die kernbedrywighede te soek. Daar word gepoog om nie net waarde vir die aandeelhouders van Excelsus toe te voeg nie, maar ook aan alle personeel, kliente en diensverskaffers. Excelsus poog om sy leuse gestand te doen “

“Gloria in Excelsus Deo” - Alle eer aan God in hoogste hemel.

Tel: Hennie De Lange +27 82 455 1630

Graeme Currin +27 82 893 8147

E-pos: excelsusmc@mweb.co.za



www.excelsuslandgoed.co.za